NOTULE VAN DIE U.K. VERGADERING VAN DIE S.A.S.K.
GEHOU OP 10 AUGUSTUS 1960.

TEENWOORDIG: Die Voors. Ds. P.S.Z. Coetzee; Ds. J.J. Fourie, Mnr. S.J. Naudé (Saakgelastigde); Mnr. J. van Graan; Ds. D.S. Snyman (Alg. Send. Sekr) en Ds. W.R. de Kock (Org. Send. Sekr).

Die Voors. open met gebed.

W I T S I E S H O E K.

1. NAGKLERE, HOSPITAAL: Kennis word geneem dat die nagklere soos bestel ontvang is.

2. ANDER BENODIGDHEDE: Die benodigdhede soos deur die matrone aangevra in die brief van Mnr. Gericke ged. 1 Aug. 1960 (2) en (3) word deur die U.K. goedgekeur.

3. KOEI - HOSPITAAL: Kennis word geneem daarvan dat die koei wat hier gebruik word, dood is.

B U I T E L A N D.

4. SALARISSKAAL, PERSONEEL IN DIE BUITELAND: Die Alg. Sendingsekretaris sit uiteen 'n voorgestelde nuwe skaal. Na bespreking word aan die Alg. Sendingsekretaris opgedra om in oorleg met die Saakgelastigde kantoor die voorgestelde finale skaal voor die sitting van die a.s. S.A.S.K. op te stel.

5. AGENDA VOLGENDE S.A.S.K.: Die Alg. Sendingsekretaris gee inligting i.v.m. verskillende sake wat met die volgende vergadering behandel sal word.

Ds. J.J. Fourie sluit af met gebed.